

**Kleuter- en Laerskool**Cunninghamlaan 1182  
WAVERLEY, 0186

Telefoon: (012) 332-3222 x1

e-posadres: gsdp@gsdp.org.za

Posadres:

Posbus 31120

TOTIUSDAL, 0134

Webwerf: www.dirkpostma.co.za

**GEREFORMEERDE SKOOL****DIRK POSTMA****Hoërskool**Dickensonlaan 1174  
WAVERLEY, 0186

Telefoon: (012) 332-3222 x2

e-posadres: hsadmin@gsdp.org.za

Posadres:

Posbus 31120

TOTIUSDAL, 0134

Webwerf: www.dirkpostma.co.za

---

# INFO: 4 OKTOBER 2019

---

Geagte ouers, lede, vriende en personeel

Kwartaal 4 het aangebreek, 'n kwartaal vol beplanning vir 2020, afronding van 2019 en baie kort.

Die leerlinge werk hard om die kwartaal se akademie voor die eksamens te voltooi.

Ons kan ongelukkig steeds nie vir u die eksamendatums deurgee nie, aangesien ons nog geen datums van die Departement van Onderwys ontvang het nie.

Ek bedank elkeen wat by die skool betrokke is en wat hand bysit, asook die ouers wat op die bestuur dien. Ons, as ouerskool, is afhanklik van u hulp en dit is 'n riem onder die hart om te sien dat ouers inspring en betrokke raak. 'n Besondere dank aan elke bestuurslid wat tyd afstaan om die skool te help bestuur.

Saam maak ons 'n verskil!

Dirkie-groete

**Mnr HJJ Visser**  
Skoolhoof

---

## BEPLANNER: 10 - 31 OKTOBER 2019

OKTOBER			
Do	10 Okt	Hoërskool	Matriekdiens - 07:40
		Laerskool	Krieketafsluiting - 14:00 - 15:30 te Hollandia
Vr	11 Okt	Laerskool	Verkoping: Gr 7-afskeid
Di	15 Okt	Laerskool	Mini-hokkie afsluiting: 14:00 - 15:30 te Hollandia
Do	17 Okt	DirkiesKoop	Bestellings oop
Vr	18 Okt	GSDP	Info
		Laerskool	Verkoping: Veldskool 2020
Ma	21 Okt	Hoërskool	Eksamen begin
Wo	23 Okt	Hoërskool	Gr 12: Eindeksamen begin
Do	24 Okt	Dirkieskoop	Bestellings sluit
Vr	25 Okt	Laerskool	Gr 7-afskeid
		Laerskool	Verkoping: Gr 7-geskenk
Di	29 Okt	GSDP	Begrotingsvergadering
Wo	30 Okt	DirkiesKoop	Produkte haal
Do	31 Okt	GSDP	Hervormingsdag

---

## ALGEMEEN

### VERJAARSDAE

Baie geluk aan mev Marion Boersema (hoërskool) wat op 12 Oktober, mev Rinske Meyer (nasorgsentrum) wat op 21 Oktober en mev Willemien Jansen wat op 24 Oktober verjaar. Mag die Here u ryklik seën in die nuwe lewensjaar. Geniet die dag saam met almal wat vir u lief is.

### VAKATURE - GR R (2020)

Sien die advertensie in hierdie Info vir bogenoemde vakature.

### D6-KOMMUNIKEERDER

Ons versoek dat alle ouers die D6-Kommunikasie-toep op hul selfone sal aflaa. 87 % van die ouers het dit reeds gedoen. Ons gaan met hierdie toep poog om alle nodige en belangrike inligting met u te deel.

---

## HOëRSKOOL

### ALGEMEEN

Die vierde kwartaal het begin. Dit is 'n kort kwartaal en die hoërskool is baie bedrywig.

### AKADEMIE

Die hoërskoolleerlinge het reeds hul rapporte ontvang. Sommige leerlinge is baie bly en ander minder bly. Ons versoek dat die leerlinge nou hard sal werk en sal deurdruk in die laaste paar weke.

### MATRIEKDIENS

Die matriekdiens vind plaas op Donderdag, 10 Oktober om 07:40 in die kerkgebou van die Gereformeerde Kerk Die Kandelaar. Ouers is welkom om die diens by te woon.

### KAMPE / UITSTAPPIES - FINANSIëLE HULP

Ons herinner u daaraan dat daar die moontlikheid bestaan dat u kan aansoek doen vir finansiële hulp vir leerlinge se uitstappies en kampe. Ons versoek dat u nie moet aanneem dat GSDP se personeel weet dat u kind sonder betaling gaan kamp of op 'n uitstap-pie gaan nie. Kommunikeer dit asseblief met mev Irene van der Meer (finansiële beampte).

### SELFONE

Volgens GSDP se skoolreëls mag 'n leerling nie tydens skoolure 'n selfoon gebruik nie. Baie dankie vir elkeen se begrip en samewerking hiermee.

### OUERAAND

Die oueraand het reeds plaasgevind. Die bywoning was baie swak. Die oueraand is 'n formele geleentheid waar u met die personeel kan kommunikeer en nie net kan kla nie.

Deur bywoning van 'n oueraand ontmoet u die personeel, kry u meer duidelikheid oor die inhoud van die werk en kan u die personeel bedank vir hul harde werk.

## HULP

Indien leerlinge hulp benodig, moet hulle asseblief die vrymoedigheid neem om die personeel te nader. Dit is nou die tyd om die werk te bemeester. Die leerlinge ontvang nuwe werk en ons versoek al hul samewerking. Die tyd is min, die werk is baie en die frustrasievlakke van die leerlinge en die personeel is soms hoog. Sterkte aan alle leerlinge en personeel.

## GR 12's

Die gr 12-leerlinge is besig met hul laaste hersienings, maar hulle is nog nie klaar met skool nie! Die personeel probeer hul bes met die hersienings (wat baie nodig is), maar daar is insidente waar die leerlinge nie klas bywoon nie of die klas ontwig, omdat hulle "niks" by die skool doen nie. Moedig asseblief u kind(ers) aan om hierdie laaste voorbereidings, wat sommige leerlinge werklik nodig het, met die regte gesindheid aan te pak. Ons bevestig: Hulle is nog nie klaar met skool nie en alle skoolreëls geld - totdat die laaste eksamenvraestel afgehandel is!

**Eindeksamen:** Sommige gr 12-leerlinge begin reeds op Vrydag, 11 Oktober met hul eindeksamen en die res begin op Woensdag, 23 Oktober. Sterkte aan elkeen!

## GR 8 - GR 11: EKSAMEN

Die gr 8- tot gr 11-leerlinge begin in die week van Maandag, 21 Oktober met hul eksamen. Ons het nog geen datums van die Departement van Onderwys ontvang oor die eksamenrooster nie. Sodra ons dit ontvang, kommunikeer ons dit met u.

## SPORT

**Krieket:** Die o/15-krieketspan speel eerskomende week hul laaste wedstryd. Sterkte!

**Fietsry:** GSDP se fietsryspan het hierdie jaar baie goed presteer. Dirk Postma se span het 36ste plek uit 63 skole behaal. Die seuns het ook aan die nasionale byeenkoms deelgeneem waar die fietsryers baie mooi presteer het. Baie geluk! Ons is trots op julle!

**Atletiek:** Die atletiekoefeninge begin weer op 7 Oktober. As 'n leerling hieraan wil deelneem, moet hy / sy met mej Carli Buys reëlings tref.

---

## LAERSKOOL

## SPORT

**Krieket - afsluiting:** Die krieket-afsluiting vind plaas op Donderdag, 10 Oktober (14:00 - 15:30) te Hollandia. U ontvang binnekort meer inligting.

**Mini-hokkie - afsluiting:** Die mini-hokkie-afsluiting vind plaas op Dinsdag, 15 Oktober (14:00 - 15:30) te Hollandia. U ontvang binnekort meer inligting.

## AKADEMIE

**Toetse en assesseringsopdragte:** Leerlinge wat afwesig is tydens 'n toets of assesseringsopdrag, moet asseblief self met die vakonderwyser reël om die sieketoets of assesseringsopdrag by 'n later geleentheid in te haal.

## AFWESIGHEDE

Dit is elke kind se eie verantwoordelikheid om werk in te haal wat hy / sy nie gedoen het op die dag wat hy / sy afwesig was. Kommunikeer asseblief met u kind se registeronderwyser indien u kind afwesig is / nie by die skool gaan wees nie. Indien 'n leerling vir meer as twee opeenvolgende dae afwesig is, moet u die registeronderwyser van 'n doktersbrief voorsien.

Indien u beplan om met vakansie te gaan of om persoonlike redes u kind vir 'n paar dae uit die skool hou, moet u 'n skriftelike skrywe aan die departementshoof of laerskoolhoof voorsien.

## SKRYFBEHOEFTES

Dit is belangrik dat die leerlinge te alle tye die regte skryfbehoeftes by die skool het. Dit verseker dat elkeen effektief kan werk. Kontroleer asseblief u kind(ers) se skryfbehoeftes (pen, potlood, skêr, gom, liniaal, skerpmaker, uitveër, ens.) en vul aan waar nodig.

**Skryfbehoefte-pakkette:** U ontvang binnekort 'n skrywe met inligting oor die skryfbehoeftepakette vir 2020. Ons versoek dat u die pakkette aankoop, aangesien die skryfbehoeftes van baie goeie kwaliteit is. Daar is 'n afsonderlike pakket vir elke graad beskikbaar.

## KLASBESOEKE TYDENS SKOOLURE

Ons vestig u aandag op die bestaande skoolreël dat ouers nie tydens skoolure 'n onderwyser in die klas mag besoek nie. Indien dit wel gebeur, onderbreek dit die klaswerk en die onderwyser se aandag is dan nie by die klas nie, maar wel by die besoeker. Indien u 'n onderwyser wil sien / spreek, skakel die laerskoolkantoor en laat 'n boodskap. Die kantoordames sal die boodskap met die eersvolgende geleentheid aan die onderwyser oorhandig - die geleentheid mag soms eers die volgende dag wees.

GSDP-Dagboek 2019 - bl 111:

**'n Ouer mag nie, sonder toestemming van die hoofde, 'n onderwyser by 'n klas onderbreek nie. Maak 'n afspraak met die onderwyser as u hom / haar wil spreek.**

## "WHATSAPP"-BOODSKAPPE

Tegnologie maak dit uitsonderlik maklik om vinnig 'n boodskap via "Whatsapp" te stuur. Die personeel is verbied om tydens klastyd hul selfone te gebruik. Dit het tot gevolg dat die meeste personeel hul boodskappe eers NA skool lees. Indien u 'n boodskap aan 'n onderwyser wil stuur, skakel die laerskoolkantoor en laat 'n boodskap. Die kantoordames sal die boodskap met die eersvolgende geleentheid aan die onderwyser oorhandig - die geleentheid mag soms eers die volgende dag wees. Ons dank u vir u begrip hiermee.

## PROBLEME / NAVRAE

Indien u 'n probleem / navraag oor 'n sekere vak of onderwyser het, kontak asseblief eers die vak- of registeronderwyser, voordat u die departements- of laerskoolhoof kontak. As u

voel u saak is nie hanteer nie, kan u daarna die departements- of laerskoolhoof kontak. Gebruik asseblief die laerskoolkantoor om 'n boodskap aan die persoon te oorhandig.

Moet asseblief nie huiwer om te praat of te vra as iets u hinder of u 'n ongelukkigheid beleef nie.

### **GRONDSLAGFASE**

Gr 1 - gr 3: Uitstappie: Die gr 1- tot gr 3-leerlinge besoek op Vrydag, 25 Oktober die Universiteit van Pretoria se "Sci-Enza"-uitstalling. Die leerlinge het reeds 'n skrywe met meer inligting ontvang.

### **SPELETJIESDAG**

Baie dankie aan die gr 7-leerlinge vir die aanbied van die geslaagde speletjiesdag op Donderdag, 19 September. Die laerskoolleerlinge het dit baie geniet. Baie dankie aan elke personeelid vir jul hulp en toesig.

### **MATRIEKDIENS - GR 7-LEERLINGE**

Die gr 7-leerlinge woon op Donderdag, 10 Oktober om 07:40 die matriekdiens van GSDP by. Dit vind plaas in die kerkgebou van die Gereformeerde Kerk Die Kandelaar. Die gr 7-leerlinge moet asseblief geklee wees in die voorgeskrewe somersdag (ook kouse en skoene!).

### **VELDSKOOOL 2020**

Die huidige gr 6-leerlinge gaan DV vanaf 16 tot 20 Maart 2020 op veldskool te Hartbeeshoek Natuurreserveaat. Die gr 6-leerlinge het 'n skrywe ontvang met meer inligting oor 'n vergadering in verband met die veldskool.

### **GR 7-AFSKEID**

Die gr 7-afskeid vind plaas op Vrydag, 25 Oktober. Die leerlinge ontvang binnekort 'n uitnodiging.

### **INSPEKSIE**

Die personeel doen Maandag inspeksie by al die gr 4- tot gr 7-leerlinge. Ons gaan kyk na die algemene voorkoms, skryfbehoeftes, Psalmboek, ensovoorts.

### **KOOK- / BAK-EN-BROU-KOMPETISIE**

Die leerlinge het 'n skrywe met al die inligting ontvang. Die inskrywings sluit vandag en die beoordeling vind plaas op Vrydag, 11 Oktober vanaf 13:00 - 14:00.

---



Posbus 31120  
TOTIUSDAL  
0134

## Gereformeerde Skoolvereniging Dirk Postma

TEL (012) 332-3222  
FAKS 086-750-2505  
e-pos: [gscp@gscp.org.za](mailto:gscp@gscp.org.za)  
web: [www.gscp.org.za](http://www.gscp.org.za)

AFLEWERINGSADRES:  
Cunninghamlaan 1182  
Waverley  
0186

September 2019

### Vakature

#### **GR R-ONDERWYSER** **Tydperkaanstelling: 1 Januarie - 31 Desember 2020**

Indien u deel wil wees van 'n gelowige, gemotiveerde en entoesiastiese span van 50 personelede en indien u glo in onderwys vanuit God se Woord, wat hand-aan-hand loop met hoë akademiese standaarde, verneem ons graag van u.

#### **Vereistes: Die kandidaat moet:**

- lidmaat wees van 'n kerk in die GKSA- of VGKSA-kerkverband.
- gereformeerd wees in leer en lewe.
- oor 'n BEd-kwalifikasie beskik (met ondervinding van grondslagfase).
- oor grondige kennis beskik van die vakgebied.
- vlot Afrikaans magtig wees.
- 'n onvoorwaardelike registrasie by SARO, as professionele onderwyskundige, besit.

#### **Aansoeke: Slegs indien u aan bogenoemde vereistes voldoen, voorsien ons van die volgende:**

- 'n Volledige Curriculum Vitae in Afrikaans;
- Afskrifte van kwalifikasies en professionele registrasies;
- Getuigskrif vanaf u huidige predikant;
- 'n Motiveringsbrief wat beskryf waarom u uself as geskik ag vir die pos;
- Ten minste twee verwysings van vorige werkgewers.

#### **Handig bogenoemde in teen DV 11 Oktober 2019 aan een van die volgende:**

- Per e-pos: [gscp@gscp.org.za](mailto:gscp@gscp.org.za)
- Per harde kopie: Laerskoolkantoor: Cunninghamlaan 1182, Waverley, Pretoria

**Navrae:** Per e-pos: [erik.visser@gscp.org.za](mailto:erik.visser@gscp.org.za)

Indien u, nadat u aansoek ingedien is, niks van ons verneem nie, moet u asseblief aanneem dat u aansoek onsuksesvol was.

Die Gereformeerde Skool Dirk Postma is 'n onafhanklike, gereformeerde skool in Waverley, Pretoria, met ± 400 leerlinge in die kleuter-, laer- en hoërskool.

**Mnr HJJ Visser**  
Laerskoolhoof

***NB: GSDP behou die reg voor om nie 'n aanstelling te maak nie.***

# Huis te koop

Alfred en Femke Kleisen

33 ste laan 896 (bo Meyerstraat)

Sitkamer, eetkamer, kombuis, waskamer, 5 slaapkamers,  
1 vol en 2 halwe badkamers, studio en kantoor.

Boorgat, jacuzzi en groot kuier stoep.

Loop afstand van Dirk Postma skool en geleë in 'n stil rustige straat.

Kontak ons vir navrae by 083 787 6120



**Blits** Elektries/Electrical  
083 226 2307  
Hardware/Hardware  
083 226 2308  
h/v Cunningham 1149 & Codonia, Villieria, Pretoria  
☎ (012) 332-1815/6/7/8  
Fax: (012) 332-3717  
info@blitspta.co.za  
www.blitspta.co.za

Sedert / Since 1970

**Blits Elektries:** Indien u aankope te Blits Elektries in Waverley doen en u betaal kontant, per krediet- of debietkaart, noem asseblief dat u 'n ouer / belanghebbende van die Gereformeerde Skool Dirk Postma is. Blits Elektries oorhandig 'n persentasie van u aankope aan GSDP. Doen by Blits navraag oor hul lojaliteitskaart. Baie dankie aan ouers wat dit gereeld doen.



**Glasherwinning:** Plaas asseblief alle afvalglas en die glas wat u nie weer self gaan gebruik nie, in die glashouer voor die laerskoolkantoor in Cunninghاملaan. Die skool ontvang elke keer as die maatskappy die houer leegmaak 'n bietjie geld.



MySchool MyVillage MyPlanet

**MySchoolkaart:** GSDP ontvang jaarliks 'n mooi bedrag van die "MySchool"-program.

Hoe werk die "MySchool"-kaart? Vir elke aankoop by winkels wat gekoppel is aan die kaart byvoorbeeld Woolworths, kry die skool 'n persentasie. Aan die einde van elke maand betaal MySchool die geld oor aan GSDP.

Indien u nog nie 'n "MySchool"-kaart het nie, besoek die webwerf [www.myschool.co.za](http://www.myschool.co.za), klik op "Get a MySchool card now" en voltooi die maklike aansoekvorm binne minute.

# GEREF. KERK DIE KANDELAAR

5 OKT

BASAAR

09h00

**Dannekoek**

Kerrie en Rys

**Vetkoeke**

**Veetuin**

**KROKETTE**

**POEDING**

**Hamburgers**

**STALLETJIES:**

Handwerk

koek

kaartjies

plantjies

neutjies

speelgoed

vlies

konfyt

treintafel

blatjang

messe

EN VELE MEER

